# From the editor • Van die redakteur

## Uit die huis verban

Iederkeer as mens iets verwyder of verskuif in 'n komplekse sisteem, kring dit uit na die geheel. Watter organe ly nie almal daaronder nie as die insulien-voorsiening wissel van 'n endogene na 'n eksogene bron. Wat nog te sê van die werks- en ontspanningsgemeenskap.

Ons 'beskawing' het vir 'n paar geslagte al 'n hele klomp goed uit die huis en huisgesin verban. Dit het toe by my opgekom om te vra watter gevolge dit in die ekologie van menswees en vir ons gesondheid het; en nog sal hê.

Ons het waarskynlik begin deur die dood en toe ook geboorte na die hospitaal te verplaas. Ons wou dit beter doen, en meer aan beide kante van die lewensspektrum help om te oorleef. Miskien ook om die spanning en ongerief van albei in andere se hande te plaas. Toe neem ons bevrugting ook uit die huis uit met die pil, en dié wat deurgeglip het, na die 'creche' toe; en toe somar die ou mense so vroeg as moontlik na 'n aftree-oord, met goeie voorsiening vorentoe vir verswakte bejaardes! Die witte-broodspaartjie is nou vry en alles is onder beheer. Adolesensie word verleng met verdere studie, en die jong volwasse lewe, loopbaan en plesier het min hindernisse en niks om daaraan te herinner dat dié ook 'n einde het nie. Die huis word soggens toegesluit en saans na donker weer oopgemaak. Byna alle daglewe is daaruit. By sommige is daar bedags nog 'n bediende vir 'n paar uur en kom die ma en pa aan die einde van die dag terug na 'n depressiewe hond en lastige kind.

In die swart gemeenskap is die man ook, meesal met trekarbeid, uit die huis gestuur. Ma en dogter en dié se kinders woon saam in die huis en die mans bly op die Rand.

Hoe ver kan ons gaan voor iets bars? Het dit nie miskien iets te doen met al die kindermishandeling, middelmisbruik en gesinsmoorde nie? Dié van julle wat sosioloog-vrinne het, kan gerus met hulle gesels en terugskryf. Ons het immers as medici baie van die dinge moontlik gemaak. Ons bevorder dit daagliks en dink aan die nabye voordele, en nie so veel aan die vrugte wat ons paar kinders, wat nog oorbly, oor twee of drie geslagte gaan pluk nie.

O ja, jammer! Ek het byna vergeet. Goeie wense vir 1989. Ek weet dis nou nie 'n baie positiewe noot om op te begin nie. Daar is miskien nog 'n tydjie oor voor ons onsself te pletter loop. Wie weet miskien pas ons mensdom nog, al die verskuiwings-uit-die-huis ten spyt, goed aan!

Sam Fehrsen